19.12 RAPPORT 4: DEPUTATE JEUGSORG – SEMINARE

1. Opdrag

Acta 2012:247, 3.1: Hierdie opdrag (om plaaslike gemeentes te ondersteun t.o.v. jeugsorg) word gekontinueer om seker te maak dat al die kerke in die GKSA bereik word.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis neem*

2.1.1 Die Deputate Jeugsorg het op die volgende wyse uitvoering aan bogenoemde opdrag gegee:

2.1.1.1 Deur *Reboot* aan te bied as 'n twee-dag werkswinkel waar daar saam nuut gedink (prinsipieel besin) word om die jeug te bedien (reboot = reformeer).

2.1.1.2 Hierdie werkswinkel het nie ten doel om met die jeug self van die gemeentes te werk nie, maar om saam met die jeugleiers (en Kerkrade) 'n bedieningsplan vir jeugbediening, wat eie aan elke gemeente is, op te stel om te gaan toepas.

2.1.1.3 Hierdie jeugbedieningsplan is gefokus op Voorskool-, Laerskool-, Hoërskool en Naskoolse jeug.

2.1.1.4 Die volgende werkswinkels is suksesvol, met positiewe terugvoer, aangebied:

Reboot: Klerksdorp	11 Februarie 2012
Reboot: Krokodilrivier	17 &18 Februarie 2012
Reboot: Vaaldriehoek	4 & 5 Mei 2012
Reboot: Randburg	26 & 27 Oktober 2012
Reboot: Oosrand	8 & 9 Februarie 2013
Reboot: Durban, Pinetown	10 & 11 Mei 2013
Reboot: Oos Londen	25 Mei 2013
Reboot: Windhoek	28 & 29 Junie 2013

2.1.1.5 Temas wat aangebied word tydens *Reboot* is onder andere:

Wat is die hart van Jeugbediening?
Verhoudings en programme
Die rol van gesinne in jeugbediening
Geïntegreerde bediening: Die verskilllende groepe in die gemeente en hoe hulle mekaar bedien.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Bogenoemde opdrag word gekontinueer.

Rapporteur: